# GOD BRING DIE MOOI BINNE ONS NA VORE

*deur Gerhard Bothma soos geskryf vir E-Kerk*

**Tonie was een van daardie seuntjies na wie 'n mens 'n ruk lank moes kyk om iets moois in sy sproetgesiggie raak te sien.** 'n Mens sou kon dink dat die natuur hom 'n poets gebak het. Die kinders by die skool het hom onophoudelik gespot en hom die allervreeslikste skelname toegesnou. **Sy selfbeeld was aan flarde en amper almal wat hom geken het, het gedink dat hy nie juis iets in die lewe sou bereik nie**.

Toe een van sy onderwysers hom jare later raakloop en hom herken, het hy hom vriendelik gegroet en 'n geselsie aangeknoop. Nadat hy aanvanklik hakkelrig gepraat het, het die jongman met selfvertroue vertel hoe sy lewe ná skool verloop het en hoe vervullend dit vir hom was om, saam met sy vrou, kinders te leer sing en kore af te rig.

**Die onderwyser, wat gereken het dat die jongman se stem "soos 'n engel s'n geklink het", was dankbaar om te sien dat hy hom nie deur sy voorkoms of die groep kinders tussen wie hy grootgeword het laat onderkry het nie.**

**"My kind," het hy vir hom gesê, "jy laat my dink aan Michaelangelo, die groot Italiaanse beeldhouer,** wat eendag 'n kontrakteur gaan besoek het om 'n groot blok onverwerkte marmer te gaan koop." Toe vertel hy dat die handelaar onbeskryflik opgewonde was omdat die kunstenaar by hóm kom aanklop het en het hom met sy aankoms na die beste blokke marmer op sy werf geneem. Oppad daarheen het hulle by 'n ruwe klont marmer, wat waarskynlik lelik gebreek het toe dit vervoer is, verbygestap. Op die oog af was dit nie veel werd nie en die handelaar sou nie eens daaraan dink om dié stuk te probeer verkoop nie. **Die beeldhouer, wat bekende meesterstukke soos die Pieta- en Dawidbeelde geskep het, het egter by die onindrukwekkende stuk marmer gaan staan en dit bekyk. Hy het vir die handelaar gesê dat hy dié stuk wou koop. Die kontrakteur was verbaas en wou nog teëstribbel, toe sê Michaelangelo: "Daar is 'n engel in dié stuk klip, wat wag on verlos te word."**

**"Tobie, ek is só bly," het die leermeester voortgegaan, "dat die engel in jou uiteindelik buitentoe gekom het."**

Volgens die psalmdigter sien die Here daar waar niemand anders kan sien nie en weet net Hy wat binne-in 'n mens aangaan (Ps 139). Die Here ken ons harte, ons bedoelings en ons geheime (1 Kon 8:39; 1 Kron 28:9; Ps 44:21/2). God bring die mooi binne ons na vore. Hy werk soos 'n knap beeldhouer aan ons en hou nie op voordat Hy met ons klaar is nie (Fil 1:6; Ef 4:13).

**Mag jy beleef hoedat veral liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal 5:23-24) al hoe meer in jou na vore kom. En mag jy jouself al hoe meer sien in die meesterstuk wat die Pottebakker besig is om met jou te vorm (Jer 18).**

*Ds Leon Tait*



Die Rietfluit

Ek het U hart-lik lief o Heer

MAANDBLAD NG Rietfontein-Suid JULIE 2010

**2010 - Christus Eerste!**

## Wat laat verhoudinge lol ?



"Life is relationships the rest is just detail" of "alles wat saak maak kom neer op verhoudinge" het iemand gesê. God het ons vir verhoudinge gemaak. Verhoudinge kan so vreugdevol en vervullend wees dat niks daarmee kan vergelyk nie. Die Prediker kan daarom met oortuiging sê dat twee verseker beter is as een (4:9-12).

Tog moet ons ook baie eerlik wees dat min dinge so pynlik is soos verhoudinge wat krap en lol. Ons voel almal een of ander tyd om te sê soos Tant Anna: *hoe meer ek met mense te doen het, hoe liewer kry ek my hond!* Ons almal sukkel maar soms erg met verhoudinge nie waar nie?

Wat laat verhoudinge lol? 'n Mens kan natuurlik baie dinge antwoord en die mees-gewilde daarvan is waarskynlik: *die ander* persoon *is die probleem.* Adam en Eva het ook al daardie een probeer by God, maar die *blame-game* werk ongelukkig nie.

In Jakobus 4 gee die broer van Jesus vir ons 'n eerlike en reguit antwoord: *Kom rusies nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie?* Eina! Dit is nie lekker om dit te hoor nie, maar ons Heer wat alles weet sit Sy vinger op die oorsaak van konflik. Die diepste rede vir gekrap in verhoudinge is ons eiesinnige wil en ons eie gevoelens. Ons wil hê wat ons wil hê. Waar twee mense so voel is dit "oorlog" en "moord" in die verhouding. Met liefdelose gevoelens en woorde begrawe ons mekaar.

Jakobus verseker ons as ons eerder sou bid oor die saak en onselfsugtig bid-nie om my sin te kry nie eerder Sy wil- sal dinge anders wees (vers 2b,3).

Die goeie nuus is dat die genade wat God gee groter is as al ons vassit met mekaar!(Jak 4:6). Hier kom die Here se oplossing volgens Jakobus 4 vir verhoudinge wat vashak:

- *Aan nederiges gee Hy genade (vers 6b)*
- *Onderwerp julle aan God (vers 7)*
- *Weerstaan die duiwel (7b)*
- *Nader tot God (8)*
- *Verootmoedig voor God (8b-9)*

Die heerlike gevolge hiervan sal wees: ons ontvang genade, die duiwel vlug, God nader ook tot ons en die Here verhoog ons! Daar kom herstel, oorwinning en heling.

"Die pad af is die pad op". Nederige verootmoediging voor God help ons om ook dienend die minste te wees voor die ander persoon. Wie dit doen ervaar die vreugde van oorwinning in die verhouding!

*Ds Leon van Heerden*

# Onthou Datums



- **13 Julie**: Skole open
- **18Julie @ 9h00**: Doop tydens erediens
- **18 Julie @ 9h00**: Gemeente-tee na erediens
- **25 Julie @ 18h30**: Jeugfees

**Sondag aanddienste vind wel regdeur die vakansie plaas om 17h30**

**Sien jou daar!**




**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Kontak Ernst by 083 656 4992

**ROOIBOS SKOONHEIDSPRODUKTE**: Goeie produk teen ekseem, ens. Kom kyk gerus ook na ander bekostigbaregeskenke. Skakel Suzette by 076 164 6100

**GOLDEN PRODUKTE**: geskik vir skoonmaak, gesondheid, gewigsverlies, velsorg. Skakel Ria de Bruin by 079 517 8028

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Skakel 083 235 0236

***SAF-BOB BEGRAFNIS DIENSTE***

*Sê nee vir hoë pryse!!*

**24 UUR DIENS**



Verassings: R5500.00

Begrafnisse: R6500.00

Sluit kis, graf, (verassing), kerkfooie en blomme in (Blaaitjies ekstra)

***Theo Steynt - 082 795 0816***
***Hendrik Bronkhorst - 079 386 4517***

***1022 Hertzogstraat, Waverley, 0186***

**SKILDERYE & TUINKUNS**

*deur* ***Christopher***

Sny hoë kommisie pryse!

Koop **direk** vanaf kunstenaar oorspronklike olieverf skilderye en tuinkuns.

Iets vir elke smaak!



Skakel Suzette by

076 164 6100



Waar kry mens vandag nog só 'n verhouding ná 17 jaar van getroude lewe, in 'n land waar 2 uit elke 3 huwelike misluk? verwonder ek my. (*The number of recorded marriages and divorces in South Africa had increased in 1999 compared with the previous year, said Stats South Africa on Tuesday. It said that 155 807 marriages were recorded in 1999, a 6,2 percent increase compared with 146 741 in 1998, while divorces went up by 3,6 percent – from 35 792 to 37 98 in the same period –* aldus http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn200212 18062034367C243027) Seker net by die diegene wat aan hulle verhouding werk. Soos die Taits.

Ondanks Leon se fiemies oor spinasie, brokkoli, veral slaai, ander onvergeeflike voedselsoorte en sy ongeneeslike liefde vir soetgoed. Gevolg deur tussenwerpsels soos: "Ja, sê dit vir die gemeente, sodat hulle weet", "Ek probeer!", "Man, ek eet groente, maar ...", "Is g'n". So aan.

Terug na die onderhoud – wat ek dapper probeer voer – antwoord Monique sy het haar as maatskaplike werker bekwaam. "Is dit moeilik ,wil ek weet, die keuse om met 'n predikant getroud te wees? "Ja," antwoord sy pront, met die soort eerlikheid waarop mens jou pad deur hierdie wêreld vind.

As skrywer het ek vandag heelwat nagedink oor my "onderhoud" met die herderspaar van Rietfontein-Suid. Toe 'n passasie onthou in een van my romans, getitel *Catharina*: "... En ons is rietpensele . Ons nietige riethart moet kan buig saam met die vloei. ... Veilig in die stroom waar God se sonnige oog op sy waters bly kaats. Nou het die tyd gekom dat ons moet verstaan die dinge is nie ons hande nie."

Die Taits wat Rietfontein-Suid se gemeente bedien, is riete. Waardeer hulle, en dra hulle op aan onse liewe Here.



## *in gesprek met….* **Ds. Leon & Monique Tait**

*deur Jeanette Ferreira*

Mens besoek ds. Leon Tait en sy vrou Monique nie. Voer ook nie 'n onderhoud met hulle nie. Jy kan probeer, maar dit gaan op diepsinnige gesprekke uitloop, later 'n gelag, uiteindelik 'n kuiery en oor-en-weer-beloftes van boeke wat geleen en gelees moet word. Wanneer jy daar wegry, is jy op baie maniere verryk. Ook is jy spyt dat jy nie die bedorwe, bestrikte klein terriër mag saamneem nie. Maar dit is alles reg, want hoe kan mense wat nie eens vir diere omgee nie, vir mense omgee?

Leon het hom eers in 'n wiskundige rigting bekwaam maar daar het 'n tyd in sy lewe gekom wat hy so intens van Here bewus geword het dat hy besluit het om hom as predikant te bekwaam. Oor bekering sê hy: "Dit is daardie besluit, eendag, iewers, dat jy een van die skape in die Here se kraal is."

Uit ons gesprek is dit gou vir my duidelik dat hy nie die Kerk as iets aparts van ons daaglikse lewe beskou nie. Daarom neem ek die vrymoedigheid om te vra wat sy boodskap is vir die Christen wat op hierdie stadium in ons land bedreig voel omdat sy taal, sy kultuur, sy tradisie, sy alles bedreig word.


"Mens se identiteit en veiligheid lê nie in jou taal en kultuur nie," antwoord hy sonder weifeling. "Dit lê in die Here. Dit is hoe jy jou en jou kinders en jou vriende help toerus om 'n onsekere toekoms tegemoet te gaan."

"En," voeg Monique by, "as jy as ouer nie hoop nie, sal jou kind ook nie hoop nie." Hulle kinders is 'n groot prioriteit, verduidelik hulle. 'n Gesonde, hoopvolle lewe in die Here begin by die huis, in die gesin se verhoudings en verantwoordelikhede. Daarom is dit nie selfsugtig om spesiale tyd vir jou kinders in te ruim nie; dis eerder 'n voorbeeld vir andere en vir jou kinders wat self eendag 'n huwelik sal aangaan. In die Taits se huishouding dra hierdie woorde nog meer gewig omdat Stephan, hulle oudste, besondere aandag vereis vanweë die mate van gestremdheid wat hy moet hanteer. Nugter en onbevange vertel hulle dat hul aan Ruan, die jongste, openhartig verduidelik het hoe hierdie gesin funksioneer. En hoe ouderwets verstandig Ruan dit hanteer. (Maar hy moet nog vroeër as Stephan gaan slaap want Stephan is ouer as Ruan. Punt. Demokratiese huisreël.)

"Ons moet hulle nou-nou by die skool gaan haal," sê Monique, en haar gesig word sag. Dis nie al nie. Ouers moet tyd vir mekaar maak om 'n gelukkige gesinslewe in stand te hou. Daarom moet mens nie verbaas wees om Leon en Monique op 'n Donderdagoggend in 'n teetuin aan te tref nie. 'n Ma en 'n pa moet baie lief vir mekaar bly en dit vra toewyding.

Nou maar hoe het hulle verlief geraak, doerie tyd? O, by 'n kerkkamp waar hulle leiers was. Leon wil graag glo Monique het ná 'n twee jaar lange verhouding net vir hom ja gesê omdat hy so goed kon skottelgoed was en sy dusdanig 'n goeie eggenoot in hom vermoed het. Nou ja, dit kon 'n faktor gewees het, maar die liefdevolle wyse waarop Monique soms tydens die gesprek aan Leon raak, het eerder met grondige kennis, liefde en kameraadskap as skottelgoed te make.





## Wonderlike hulp by ons opvoeding...

*Opvoeding is moeilik. Dit voel dikwels asof 'n mens kan praat en praat, maar dit maak nie 'n verskil nie. Dit is net asof die woorde geen effek het nie. Asof ons kinders dit nie verstaan nie. Hulle bly eintlik maar net hulle eie kop volg.*

Ja, natuurlik het dissipline ook nog sy plek in hierdie hele proses om ons kinders te leer wat dit beteken om die Here te dien, maar dissipline beteken nog nie dat ons kinders dit alles werklik begin glo nie. Hoeveel gesag 'n ouer ook al het, ons kan dikwels maar baie magteloos voel as dit kom by die opvoeding van ons kinders. Ons besef maar net weer dat daar werklik 'n werk van bo nodig is om ons kinders op God se weë te laat gaan. Maar somtyds kom die Gees ons ook op 'n ander wonderbaarlike manier te hulp – 'n weg waardeur ons nuwe geleenthede kry om te praat oor die Here en sy verbond met ons.

Ons lees daarvan in Deuteronomium 6. Die bekende gedeelte wat gaan oor die opvoeding van ons kinders. Ons ken dit almal, die belangrike woorde oor hoe ons met ons kinders moet praat oor die weë van die Here, of ons nou sit of staan, op reis is of gaan lê. Maar onthou ons ook wat aan hierdie woorde voorafgaan? Want in die woorde vooraf gaan dit nie oor wat ons vir ons kinders moet vertel nie, maar allereers oor dit wat in ons eie lewe moet sigbaar word. Allereers moet hierdie wonderlike genade van die Here ons hart vervul en in ons dade sigbaar word. Dit wat ons so aanhoudend ons kinders moet bybring, moet allereers in ons eie hart wees (6:6).

Wanneer dit waar is, dan sien ons iets wonderliks gebeur! Deuteronomium 6 eindig immers met ons kinders wat begin vrae vra (6:20). Die kinders begin vra wat dit alles beteken. Dit is die werklikheid wat die Gees bewerk as hierdie geloof in ons eie hart lewe. Waar ons self soveel geleenthede soek om aan ons kinders te verduidelik wat die lewe met die Here inhou, en ons voel ons kom nêrens met hierdie gesprekke nie, maak die Gees self deure vir ons oop. Kinders wat vra omdat hulle *wil* weet. Tien keer het ek al met my kind oor die saak gepraat (en ons moet!), en skielik vra hy my daaroor, asof dit die eerste keer is dat hy daarmee in aanraking kom.

Ja, die Gees draai dinge skielik om. Kinders wat self dinge by pa en ma raaksien, en wil hoor wat dit inhou. Kinders wat iets van die vreugde en rykdom van die lewe met God sien by hul ouers, hul grootouers, hul medegelowiges in die kerk, en wil weet wat die geheim van so 'n wonderlike lewe is.

En dan is dit opvallend wat die seun in Deut 6 vra. Hy vra nie: hoe lyk 'n christen se lewe nie. Hy vra nie na die inhoud van die gebooie en die weg van die Here nie. Hy ken dit reeds. Hy sien dit immers in sy ouers se huis! Nee, hy vra na die *betekenis* van dit alles. Hy vra die "hoekom"-vrae. Die vrae wat diep delf na wat die diepste oorsaak is hoekom so 'n weg gevolg word. Hy vra die vraag wat ons dadelik uitbring by kern van ons geloof: Wie ons God is, en sy magtige dade in ons lewe. 'n Heerlike geleentheid om oor ons God te kan getuig!

*Die Gees wek vrae by kinders wat leef by opreg christelike ouers*. Die Gees ken ons swakhede, en kom ons op 'n wonderlike manier, heel onverwags te hulp.

# Taakspan vir Kinders

Die Sondagskool of junior Kategese resorteer onder die Bediening vir Diens, met Peet Dorfling en Gert Kok as voorsitters. Daar is tans 14 kategete/leiers in die span.

**Agtergrond oor die indeling van ons kinders:**

Die junior Kategesegroep bestaan op die oomblik uit ongeveer 120 kinders tussen die ouderdomme van 3 jaar tot Graad 7. Die verdeling van die kleuterkerkgroep is hersien en daar is nou twee groepe:

- Kleuters vanaf 3 jaar oud
- Graad 0/R groep

Die rede vir die her-indeling is dat daar werklik 'n groot verskil in die begripsvlak en aandagspan van die kinders is, en dat ons dus ons aanbiedingsmetodes ook daarby moes aanpas. Die nuwe indeling werk baie goed, want die ou heel kleintjies speel eintlik nog, en kan nog nie self 'n kryt vashou of 'n prentjie inkleur nie. Hul aandagspan is ook skaars drie minute, so die afwisseling van metodes is baie belangrik.

Ons ander groepe is soos volg ingedeel:

- Graad 1 – twee groepe
- Graad 2
- Graad 3 – 'n groot groep wat saam deur twee kategete hanteer word
- Graad 4 seuns
- Graad 5 seuns
- Graad 4 en 5 dogters
- Graad 6
- Graad 7 (net vir die eerste 6 maande, daarna skuif hulle oor na die jeugbyeenkomste in die aand)

**Sondagoggende:**


Die Sondagskool (soos ons nog maar altyd daarna verwys) word Sondagoggende gelyktydig met die erediens aangebied. Die kinders begin reeds vanaf 08:50 saamsing in die kerksaal en dan volg 'n kindererediens waarin die volle liturgie op die kinders se vlak gedoen word. Teen ongeveer 09:30 verdeel ons in die verskillende kleiner groepe waar die kategete dan met hul groep 'n spesifieke lesplan volg, volgens temas wat aangekondig word, of uit hul handboeke "Lesse wat Leef".

**Webblad:**

Ons kinders het hul eie webspasie op die gemeente se webblad en ons probeer om dit gereeld opgedateer te hou. Die adres is http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/kinders/home/default.aspx - daar gaan binnekort selfs foto's van ons kinders wat tydens hul werkswinkels geneem word, opgesit word, so gaan besoek dit gerus!




# Wit Olifant



Al ons voorrade is gedurende 2009 karnaval uitverkoop!

Ons soek asb. dringend na enige goedere in 'n bruikbare en werkbare toestand, bv. boeke, klere, speelgoed, kombuisware, ornamente, juwele, meubels, elektriese toestelle, cd's en dvd's of enige items wat in jou pad is!

Kontak Frieda by 083 235 0236, frieda2@mtnloaded.co.za vir afhaal, of lewer af by 698 Michael Brinkstraat & (h/v 16de laan)




# Brood vir Noodfunksie

*** 20 Augustus te Rietfontein-Noord (24ste Laan)**
*** Lekker bobotie ete**
*** Lekker kuier!**
**Bekende gaskunstenaar en akteur van 7de laan**

- **Mari se getuienis en sang sal jou hart raak!**
- **R100 pp (alles ingesluit)**

**Indien jy kan help as gasvrou, of enige verder vrae kontak: Susan by 0728604280**

**Phoenix**

## NG Rietfontein-Suid VAARDIGHEIDSKLASSE

*Kom geniet die volgende kreatiewe klas saam met ons!!*

**"Paper Mache"** Maak 'n spaarvarkie en bakkie

Datums: 21 Augustus & 18 September (opvolg klas)
Tyd: 9:00 tot 12:00 @ Pastorie agter die kerk
Koste: R30.00 per persoon

Bespreek jou plek by Hennie @ 082 377 5965

## DANKIE VADER …………



*Jesus maak wolke, Hy maak gras, Hy maak roomys en tjoklits, maar so nou en dan show Hy af, dan maak Hy iemand so spesjhul soos jy!*

**Dankie, Vader, vir die klein plesiere van menswees - 'n beker stomende koffie in my yskoue hande, 'n knus bed en dalk 'n slaapmaat wat 'n mens teënsinning laat gaan om die nuwe dag aan te vat.**

**Dankie vir die prikkeling van 'n warm stort op slaapstywe skouers, vir die geur van ontbyt, dankie vir die skaterlag van kinders oor lawwe dinge wat ons te "gesofistikeer" is om te geniet.**

**Dankie vir die geborgenheid van 'n huis: vir die weelde van gesondheid na gees en liggaam. Here, ons behoort mos dolgelukkig te wees! Maar ons harte is swaar van groot bekommernisse en onbenullige frustrasies wat ons gedagtes so in beslag neem dat dit ons doof maak vir die vreugdes wat ons besit. Ag, Here, ons ervaring van geluk is so selfsugtig, so kortstondig, dit is soos om 'n pragtige blom in jou hand te hou en die hele tyd op te let hoe dit stadig verlep.**

**Help ons om minder te kla oor dit wat verbygaan en ons meer te verbly in die skoonheid wat ons geken het, en veral in dit wat ons nog het. Ons bid vir hulle wat nooit juis die lewe se blomme sien oopgaan het nie. En ons bid vir hulle in wie se lewe met te veel verlepte blomme is om die mooies te kan onthou, Here, ons gee nou die dooie blomme aan U terug. Dankie dat ons U kan vertrou met seisoen met nuwe geure en kleure. Baie dankie dat U getrouheid in die verlede , die waarborg is vir U trou vandag en vir elke more.**

**Amen**

*… uit die gebedeboek van die lewe*



**Spesiale projekte:**

1. ***Sending Sonder Grense*** *(SSG) – Sergiy Denysenko*



Sergiy Denysenko is die seuntjie in die Oekraiene wat deur ons kinders geborg word. Ons is reeds weer besig met ons geldinsameling vir Sergiy en die 'geldbome' wat ons daarvoor gebruik, word elke jaar in die tweede kwartaal aan die kinders uitgedeel. Op elke 'geldboom' groei daar R40 en die kinders bring dit aan die einde van die tweede kwartaal terug. Ons het vir Sergiy deur middel van Sending Sonder Grense (SSG) leer ken en hier is 'n foto wat Ds Leon Tait van hom geneem het gedurende hul besoek in Maart 2010. Sergiy verjaar op 25 Desember en ons kinders stuur gereeld vir hom kaartjies en briefies. Hy het 'n mate van serebrale gestremdheid en sy ontwikkeling is dus stadiger as ander kinders van sy ouderdom. Daar sal binnekort meer foto's van hom op ons webblad wees.

2. ***Bybelverspreiding***

Ons kinders het elke jaar gedurende die derde kwartaal ook 'n geld-insamelingsprojek vir Bybelverspreiding. Bussies word gewoonlik uitgedeel aan die begin van die kwartaal en dan word die kinders aangemoedig om dit op Bybelsondag terug te bring. In 2010 word hierdie projek aan SSG gewy en elke klas gaan hul eie blikkies / botteltjie / houer maak en versier. Die plakkers van SSG wat daarop geplak word, is reeds ontvang en word aan die begin van die derde kwartaal uitgedeel.

3. ***Omgee vir oupa en ouma***

Hierdie projek is nuut en die doel daarvan is om ons seniors en ons kinders by mekaar uit te bring. Ons wil graag die oupas en oumas in die gemeente nooi om by ons te kom kuier. Ons kan so baie van ons grootouers leer – en ons kinders het BAIE drukkies om uit te deel! Dus, of u reeds klein-kinders in die gemeente het of nie, dit maak nie saak nie. Ons sal die detail in volgende kwartaal se afkondigings sit – intussen is enigiemand wat amptelik 'n oupa of ouma is of kan wees, welkom om by ons te kom kuier tydens enige van ons byeenkomste in die saal of solank vir Lita of Malinda te kontak. Hou dus die afkondigings dop!

**Kontakbesonderhede:**

Die kontakbesonderhede van al die kategete gaan binnekort opgeplak word in die vierkant by die kinders se toilette in 'n spesiale kennisgewingkas. Indien u intussen die span wil kontak, kan die details hieronder gebruik word. Junior Kategetehoof: Lita Spreeth @ lspreeth@sars.gov.za en 082 453 8421, sekretaresse: Malinda Rademeyer @ 082 737 3812

Aangebied deur:

**NG Rietfontein-Suid**

# MOOT KARNAVAL 2010

**11 September 2010**

**Vanaf 07:00 tot 15:00**

Hoër Tegniese skool John Vorster

Meyerstraat, Villieria

## Beskikbaar:

- Koffiekroeg
- Wit Olifant
- Vlooimark
- Speletjies
- Boeresport
- Vars Produkte
- Jaffels
- Slaptjips
- Koeldrank
- Sosaties
- Hotdogs
- Pannekoek
- Nagereg
- Koek

**Potjiekos Kompetisie!**

KONTAK:
Frieda @ 083 235 0236
frieda2@mtnloaded.co.za



# TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

Elsie stap heel vriendelik by haar werk in. Begin almal wat sy teëkom voorbeeldig te groet. Maar nog voordat sy by haar lessenaar kom voel sy sommer hoe 'n woede in haar begin opstoot. Sannie kom van voor af aangedrentel - haar aartsvyand op hierdie vloer van die gebou. Om dinge nog meer te kompliseer, is die vroumens se werkstasie reg langs Elsie s'n.

Haar dag is nou sommer opgevoeter!

Klink dit miskien bekend? Natuurlik … Almal kom tog nie ewe goed klaar nie. Persoonlikhede bots en as 'n mens nie met die regte gesindheid die situasies hanteer nie – kan dit jou hele dag bederf - jou goeie voornemens is vanselfsprekend by die venster uit!

Hoe skakel die insident by omgeegroepe in?

Daar is altyd 'n Elsie (dalk 'n bietjie liggeraak), Sannie (dalk 'n bietjie hardkoppig) en nog boonop 'n Pietie wat dalk 'n bietjie langdradig is in jou omgeegroep. Pietie trek nog by die bure se kat wat oor sy muur gespring het dan weet Grietjie al laaaaankal dat Pietie se hond die kat gaan jaag en die gort is dan gaar en … en ….en …..

Daarom verwys ons graag, onder andere, na ons omgeegroepe as ons "oefen veld". Ons leer om vir mekaar om te gee, geduld met mekaar te hê en regtig mekaar te leer ken sodat daardie ou klein probleempies later glad nie eers meer saak maak nie.

Hoe kry ons dit reg?

Deur met "Jesus-oë" na ons mede boeties en sussies wat langs of oorkant ons sit te kyk. Ons gesindheid teenoor ons medemens begin te verander namate ons geestelik groei. Sodoende begin dit wyer uit te kring na ons huise en werksplekke. Ons verhoudings met ons familie, vriende, ens, begin te verbeter, want ons oefen mos elke week daaraan.

Niks kom maklik nie – dit kos oefening ……

**EIS BAIE VAN JOUSELF EN VERWAG MIN VAN ANDER – DAN SAL JY NIE SO DIKWELS TELEURGESTEL WORD NIE.**

**VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591*